
SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## VERBRUIKERSTUDIES

## 2023

**PUNTE: 200**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit SES vrae.

| VRAAG | INHOUD | PUNTE | TYD (minute) |
|---|---|---|---|
| **AFDELING A (Kortvrae)** | | | |
| 1 | Kortvrae (Al die onderwerpe) | 40 | 20 |
| **AFDELING B (Langvrae)** | | | |
| 2 | Die Verbruiker | 40 | 40 |
| 3 | Voedsel en Voeding | 40 | 40 |
| 4 | Kleding | 20 | 20 |
| 5 | Behuising en Interieur | 20 | 20 |
| 6 | Entrepreneurskap | 40 | 40 |
| | **TOTAAL:** | **200** | **180** |

2. AL die vrae is VERPLIGTEND en moet in die ANTWOORDEBOEK beantwoord word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

5. Jy mag 'n sakrekenaar gebruik.

6. Skryf slegs in swart of blou ink.

7. Gee aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Skryf netjies en leesbaar.



SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING A: KORTVRAE

### VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.20) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.21 D.

1.1.1 … vorder belasting namens die regering in.

A Die Reserwebank
B Kommersiële banke
C Die Parlement
D Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) (1)

1.1.2 Suikerbelasting word op ... gehef.

A melkskommels
B koffie
C koeldranke
D rooibostee (1)

1.1.3 Die afkoelperiode vir die kansellasie van 'n kontrak is … werksdae.

A 3
B 5
C 8
D 14 (1)

1.1.4 … rente word slegs op die oorspronklike bedrag gehef.

A Saamgestelde
B Vasgestelde
C Enkelvoudige
D Veranderlike (1)

1.1.5 'n Gemeenskapsgebaseerde spaarklub met ekonomiese en sosiale voordele vir al die lede:

A Swendelskema
B Stokvel
C Gemeenskapsklub
D Multivlak-skema (1)

1.1.6 … is die voedselbymiddel wat waarskynlik 'n negatiewe effek op iemand se gesondheid sal hê.

A Pektien
B Lesitien
C Gelatien
D Bensoaat (1)


SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.1.7 … voorkom dat voedsel verbruin.

A Emulsifiseerders
B Antioksidante
C Stabiliseerders
D Bleikmiddels (1)

1.1.8 Die beste voedselbron van yster:

A Ryp piesangs
B Beeslewer
C Gepiekelde beet
D Volkoringbrood (1)

1.1.9 Die nutriënt wat met die absorpsie van yster help:

A Vitamien A
B Vitamien B
C Vitamien B12
D Vitamien C (1)

1.1.10 DNS-molekules word in ... gebruik om die eienskappe van voedsel te verander.

A geprosesseerde voedsel
B organies gekweekte voedsel
C geneties gemodifiseerde voedsel
D bestraalde voedsel (1)

Bestudeer die prent hieronder en beantwoord VRAAG 1.1.11 en 1.1.12.



**DIE BLOU DENIMBAADJIE**

- Middellyflengte
- Lang moue
- Knope aan die voorkant
- Twee sakke aan elke kant
- Twee sakke met knope aan die voorkant

[Bron: blakkur.is.com]

1.1.11 Die denimbaadjie hierbo kan as … geklassifiseer word.

A tradisionele mode
B outydse ('vintage') mode
C 'n modegier
D klassieke mode (1)

1.1.12 Die lengte van die baadjie sal die draer … laat vertoon.

A korter en breër
B groter en langer
C langer en skraler
D kleiner en korter (1)


SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.1.13 'n Voordeel daarvan om huishoudelike toestelle met 'n huurkooptransaksie te koop:

A Geen rente word op die uitstaande bedrag gehef nie.
B Dit bly in die winkel totdat die laaste paaiement betaal is.
C Dit kan gebruik word terwyl dit afbetaal word.
D Dit is goedkoper as 'n kredietkaarttransaksie. (1)

Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord VRAAG 1.1.14.

| |
|---|
| Die kontantprys van 'n toestel is R6 499,95.<br>Die huurkoopprys is R400 per maand oor 30 maande en die deposito is R650,00. |

1.1.14 Die koste om die toestel met 'n huurkooptransaksie te koop:

A R6 499,95
B R7 149,95
C R12 000,00
D R12 650,00 (1)

1.1.15 Die tipe behuising waarvolgens 'n ooreenkoms vir 'n spesifieke tydperk onderteken word:

A Huur
B Koop
C Bou
D Voltitel (1)

1.1.16 … verseker dat daar aan die vereiste vasgestelde standaarde vir 'n produk voldoen word.

A Voorraadbeheer
B Tydsbestuur
C Gehaltebeheer
D Finansiële beheer (1)

1.1.17 Waarde-vir-geld-/Kompetisie-gebaseerde prysvasstelling …

A tel alle koste by, winsopslag ingesluit.
B stel die pryse van produkte volgens aanvraag vas.
C word gebruik om unieke produkte se pryse vas te stel.
D word soortgelyk aan ander produkte vasgestel. (1)

1.1.18 Produksie sal die doeltreffendste wees wanneer …

A 'n goeie bemarkingstrategie gebruik word.
B finansiële hulpbronne beskikbaar is.
C werkers gereeld opgelei word.
D personeel goed betaal word. (1)


SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.1.19 'n Lewensvatbaarheidstudie word gedoen om 'n besigheid se ...

A vloei van geld na te gaan.
B sterk punte en swak punte te identifiseer.
C teikens te behaal.
D verkope-scenario te evalueer. (1)

1.1.20 Daar word aanbeveel dat besighede plaaslike grondstowwe gebruik omdat dit …

A goeie waarde vir geld bied.
B geen afleweringsfooi het nie.
C maklik bekombaar is.
D maklik is om te bestuur. (1)

1.2 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.2.1 'n Bedrag wat by die kosprys van produkte gevoeg word om oorhoofse koste te dek en 'n wins te maak

1.2.2 'n Besigheid bereik sy verkoopsteiken omdat die produk baie goed verkoop

1.2.3 Toon die vloei van geld oor 'n toekomstige periode om te verseker dat die besigheid nie kontantvloeiprobleme ontwikkel nie

1.2.4 Sluit al die uitgawes in wat gemaak moet word voordat 'n besigheid kan begin (4 x 1) (4)

1.3 Pas 'n beskrywing in KOLOM B by 'n modeterm in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.3) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.3.4 F.

| **KOLOM A MODETERM** | | **KOLOM B BESKRYWING** | |
|---|---|---|---|
| 1.3.1 | Styl | A | rigting waarin mode beweeg |
| 1.3.2 | Mode | B | verteenwoordig mode uit 'n vorige era |
| 1.3.3 | Modeneiging | C | verteenwoordig spesifieke eienskappe van 'n kledingstuk |
| | | D | word deur 'n spesifieke groep mense op 'n gegewe tydstip en plek aanvaar |
| | | E | word deur eenvoud gekenmerk |

(3 x 1) (3)


SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.4 Pas 'n beskrywing van betalings in KOLOM B by 'n betaling in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–H) langs die vraagnommers (1.4.1 tot 1.4.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.4.6 J.

| KOLOM A<br>BETALINGS | KOLOM B<br>BESKRYWING VAN BETALINGS |
|---|---|
| 1.4.1 Heffing | A maandelikse terugbetaling aan die bank vir 'n lening op vaste eiendom |
| 1.4.2 Verbandterugbetalings | B betaling om die struktuur van 'n eiendom te dek |
| 1.4.3 Munisipale belasting | C word betaal wanneer 'n huurooreenkoms onderteken word |
| 1.4.4 Deposito | D word vir water en elektrisiteit aan die munisipaliteit betaal |
| 1.4.5 Huur | E word aan die huiseienaarsvereniging betaal |
| | F belasting wat betaal word wanneer 'n eiendom van eienaarskap verander |
| | G word maandeliks vir die gebruik van die eiendom betaal |
| | H word aan die plaaslike munisipaliteit betaal |

(5 x 1) (5)

1.5 Kies uit die lys hieronder VIER items wat op voedseletikette verskyn wat verbruikers teen gesondheids- en veiligheidsgevare kan beskerm. Skryf slegs die letters (A–H) langs die vraagnommer (1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

A Allergene
B Prys/Strepieskode
C Land van oorsprong
D Lys van bestanddele
E Instruksies vir gebruik en berging
F Beskrywing van die produk
G Grootte van die produk
H Datumstempels (4)


SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.6 Kies VIER voorbeelde van inkomstebelasting wat direk aan SAID (Suid-Afrikaanse Inkomstediens) betaalbaar is uit die lys hieronder. Skryf slegs die letters (A–H) langs die vraagnommer (1.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.

A John betaal 'n brandstofheffing wanneer hy sy motor se tenk met petrol volmaak.
B Luke betaal elke maand LBS (lopende betaalstelsel).
C Jolene betaal maandeliks haar munisipale belasting.
D Linda verkoop beeste en betaal twee keer per jaar belasting.
E Yanga word belas op die huurinkomste wat hy van sy huurders ontvang.
F Sipho betaal BTW op sommige van die kruideniersware wat hy koop.
G Dorothy het haar tweede huis verkoop en moes kapitaalwinsbelasting betaal.
H Sondebelasting/Aksynsbelasting is gehef toe Fazila parfuum gekoop het. (4)

**TOTAAL AFDELING A: 40**


SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**AFDELING B: LANGVRAE**

**VRAAG 2: DIE VERBRUIKER**

2.1 Noem VIER nadele van die gebruik van gas in 'n huis. (4)

2.2 Gee VIER voorbeelde van onbillike sakepraktyke. (4)

2.3 Noem DRIE maniere waarop verbruikers elektrisiteit kan bespaar wanneer 'n wasmasjien gebruik word. (3)

2.4 Verduidelik hoe pryskennisgewing/'n lotery-swendelskema werk. (3)

2.5 Bespreek hoe water doeltreffend gebruik kan word wanneer jy bad of stort. (4)

2.6 Elektrisiteit is 'n basiese behoefte wat deur munisipaliteite voorsien word.

2.6.1 Verduidelik hoe munisipaliteite elektrisiteit aan hulle gemeenskappe verskaf. (3)

2.6.2 Noem hoe verbruikers die elektrisiteit wat aan hulle verskaf word, kan beskerm. (3)

2.7 Verduidelik die kenmerke van 'n onwettige piramideskema. (4)

2.8 Lees die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Verbruikerinflasie vir Mei het tot 6,5% gestyg. Dit is baie hoër as wat die Reserwebank verwag het. Die Reserwebank wil tipies inflasie tussen 3% en 6% hê. Die opwaartse neiging in inflasie sal die Reserwebank dwing om met rentekoersverhogings voort te gaan.
>
> [Bron: *Business Maverick*, Junie 2022]

2.8.1 Noem en verduidelik die instrument wat gebruik word om inflasie te meet. (4)

2.8.2 Voorspel die impak wat rentekoersverhogings op die lewensgehalte van Suid-Afrikaners sal hê. (8)

**[40]**



SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 3: VOEDSEL EN VOEDING

3.1 Noem VIER maniere waarop 'n persoon wat aan hoë bloeddruk ly, sy/haar soutinname kan verminder. (4)

3.2 Gee dieetkundige riglyne om met die bestuur van anemie te help. (4)

3.3 Gee DRIE voordele van die gebruik van chemiese preserveermiddels in voedsel. (3)

3.4 Verduidelik waarom kruie en speserye bestraal word. (2)

3.5 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.


**'WEES BEDAG OP E. COLI, VERAL OP STRANDE EN IN RIVIERE,' SÊ ETHEKWINI MUNISIPALITEIT IN KWAZULU-NATAL**

As gevolg van rioollekkasies het 'n afval-en-waterbehandelingsdiens-maatskappy in Junie 2022 strande en riviere in die omgewing getoets. Hulle het gevind dat E. coli-vlakke baie hoog was. Die munisipaliteit het inwoners en vakansiegangers afgeraai om te swem en om sardyne en varswatervis te vang en te eet omdat baie van die inwoners vir oorlewing van die vis afhanklik is.

[Bron: iol.co.za, 24 Junie 2022]

Verduidelik hoe E. coli aan mense oorgedra kan word. (6)

3.6 Bestudeer die prent van 'n slagaar hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[Bron: thefhfoundation.org]

3.6.1 Noem die voedselverwante gesondheidstoestand wat in die prent hierbo verteenwoordig word. (1)

3.6.2 Identifiseer stof **A** wat in die prent hierbo aangedui word. (1)

3.6.3 Beskryf hoe stof **A** tot koronêre hartsiekte kan bydra. (4)

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



3.7 Bestudeer die bestanddele van 'n pizza hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

| BESTANDDELE | |
|---|---|
| **KORS** | **BOLAAG** |
| • Koekmeelblom<br>• Eiers<br>• Bakpoeier<br>• Volroommelk<br>• Botter | • Tamatiepasta<br>• Origanum<br>• Skywe sampioene<br>• Olywe<br>• Gerasperde cheddarkaas<br>• Biefworsies<br>• Russiese worsies ('Russians')<br>• Spek/Macon |

Skryf 'n paragraaf om te bespreek hoe die pizza hierbo NIE tot die bestuur van koronêre hartsiekte sal bydra NIE. (8)

3.8 Lees die stelling hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

| |
|---|
| Voedselsekerheid in Suid-Afrika is deur die onlangse verhoging in brandstofpryse beïnvloed. |

Regverdig die stelling hierbo. (7)
**[40]**



SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 4: KLEDING

4.1 Noem die mode wat 'n styl van 'n vorige era naboots/daarmee ooreenstem. (1)

4.2 Gee DRIE stadia in die modesiklus. (3)

4.3 Verduidelik die term *nagemaakte produkte*. (1)

4.4 Lees die stelling hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

| |
|---|
| Die omgewing word in ag geneem wannneer eko-vriendelike kleedstowwe vervaardig word. |

Staaf hierdie stelling. (5)

4.5 Noem VYF riglyne om in ag te neem wanneer hemde/bloeses gekies word om vir 'n werk by 'n rekeningkundige firma te dra. (5)

4.6 Bestudeer die prente hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

| | |
|---|---|
| **1990**  [Bron: harpersbazaar.com] | • Swart, egte leer, lospassende broek wat nie rek nie |
| **2023**  [Bron: thefix.co.za] | • Kunsleer, noupassende ('skinny') broek wat kan rek om by die fatsoen/vorm van die liggaam te pas |

Bespreek hoe veranderinge in tegnologie sedert die 1990's tot die skep van die bekostigbare en gemaklike noupassende kunsleerbroeke in 2023 bygedra het. (5)

**[20]**

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 5: BEHUISING EN INTERIEUR**

5.1 Maak 'n lys van die inligting wat by 'n huurooreenkoms ingesluit moet word. (3)

5.2 Bestudeer die prent van 'n regopstaande vrieskas hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



**REGOPSTAANDE VRIESKAS**

- Temperatuurbeheer
- Outo-ontvries
- Groot kapasiteit
- Vlekvryestaal-afwerking
- Kan in 'n yskas omgeskakel word
- Wit binnekant met 'n lig
- Wieletjies

Bêrekoop-koopopsie

[Aangepas uit amazon.com]

5.2.1 Beskryf DRIE maniere waarop die regopstaande vrieskas menslike energie bespaar. (3)

5.2.2 Verduidelik waarom bêrekoop 'n geskikte kooptransaksie sal wees vir iemand wat net genoeg kontant het om 'n deposito te betaal. (2)



SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



5.3 Bestudeer die advertensie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**WATERVAL | GAUTENG | SUID-AFRIKA**

**KOOP NOU**

**VOORDAT DIE PRYS STYG**

**10%-AFSLAG** **GRATIS HEFFINGS VIR EEN JAAR** **GRATIS VERBANDKOSTE**

- Top-onderwysfasiliteite &-skole
- Vermaak, top-restaurante en kitskos-verkoopspunte
- Naby die 'Mall of Africa' en Kyalami-renbaan

*Luukse wooneenhede met uitstekende afwerkings*
*Eksklusiewe leefstylsentrum met 'n volledig toegeruste gimnasium*
*Fantastiese geriewe met 'n spa, funksiekamer & konferensiekamer*
*Uitstekende sekuriteit*

**Ander geriewe sluit in:**
- Gereed vir vesel en DStv
- Swembad
- Gimnasium en muurbalbaan
- Gesondheidspa
- Speletjieskamer en kinderspeelarea
- Fliekkamer

[Aangepas uit www.balwin.co.za]

5.3.1 Noem en verduidelik die tipe huiseienaarskap in die advertensie hierbo. (3)

5.3.2 Identifiseer in die advertensie hierbo DRIE dienste wat deur heffings betaal sal word. (3)

5.3.3 Beskryf waarom dit finansieel voordelig sal wees om eiendom te koop in die ontwikkeling wat hierbo beskryf word. (6)
**[20]**



SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 6: ENTREPRENEURSKAP**

6.1 Definieer die term *teikenmark.* (2)

6.2 Noem TWEE verspreidingsmetodes wat 'n entrepreneur kan gebruik om sy/haar produkte te verkoop. (2)

6.3 Stel VIER maniere voor waarop 'n nuwe entrepreneur goeie kliënteverhoudings kan bou om die sukses van sy/haar besigheid te verseker. (4)

6.4 Verduidelik waarom dit belangrik is om aan produkspesifikasies te voldoen. (3)

6.5 Lees die gevallestudie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**EGGSELENT-BESIGHEID**

Nadat sy gesien het hoe verarm haar gemeenskap is, het Lebuhang 'n eier-besigheid op 'n klein huurvrye (gratis) stuk grond begin. Sy het 12 kartonhouers ('trays') met eiers en eierlêende hoenders by 'n plaaslike boer gekoop. Sy verkoop nou vars eiers en geslagte hoenders aan die plaaslike gemeenskap.

'n Vriend het R2 000 aan haar geleen en sy het 'n toelae ter waarde van R50 000 van die Nasionale Jeugontwikkelingsagentskap ontvang wat ook 'n besigheidsmentor-geleentheid aan haar gebied het. Sy het 'n groter hoenderhok laat bou om ten minste 600 eierlêende hoenders te huisves. Sy gee gratis hoendermis ('manure') vir die gemmenskap as bemestingstof vir gemeenskapstuine.

Eggselent verkoop nou eiers aan bakkerye, bed-en-ontbyt-plekke en instapklante. Sy bemark en verkoop haar produkte ook aanlyn. Die eiers word teen 'n bekostigbare prys verkoop. Sy verpak die eiers in bio-afbreekbare en herwinbare materiaal en moedig haar klante aan om hulle eie verpakking te bring. Elke Vrydag skenk sy die eiers wat sy nie verkoop het nie aan vroeë kinderontwikkelingsentra in haar gemeenskap.

[Aangepas uit *Sowetan Live,* 6 November 2021]

6.5.1 Bespreek die volgende faktore wat Lebuhang in ag geneem het toe sy Eggselent as haar kleinskaalse besigheid gekies het:

(a) Beskikbaarheid van finansiële hulpbronne (2)

(b) Beskikbaarheid van werkspasie (2)

(c) Beskikbaarheid van grondstowwe (2)

6.5.2 Beskryf waarom Lebuhang as 'n omgewings- en sosiaal verantwoordelike entrepreneur beskou word. (5)

6.5.3 Verduidelik waarom dit waarskynlik is dat Eggselent 'n volhoubare, winsgewende besigheid sal wees. (6)



SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



6.5.4 Lees die inligting hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

> Dit kos R15,00 om een dosyn eiers te produseer. Lebuhang voeg 40% wins by.

Bereken die wins wat sy op vyf dosyn eiers maak. Toon ALLE berekeninge. (4)

6.6 Lees die stelling hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

> Beurtkrag het 'n rimpeleffek op kleinskaalse besighede en dwing hulle op hulle knieë.
>
> [Aangepas uit *News24*, Junie 2022]

Voorspel die negatiewe finansiële impak wat beurtkrag op kleinskaalse besighede en hulle werknemers sal hê. (8)

**[40]**

**GROOTTOTAAL: 200**

*Kopiereg voorbehou*

SA EXAM PAPERS